15 November 2026

Oggenddiens

Sing: Ps. 122:1; Ps.122:2; Ps. 130:1,2; Ps. 36:1,2; Ps. 23:3; Ps. 116; Ps. 145:1,2,11,12.

Lees: Luk. 19:1-10

Teks: Luk. 19:10

Tema: Christus het gekom om sy kinders te red dus leef ons met nuwe ywer

Die koms van Christus

Saggéüs is by ons almal bekend as 'n man wat klein van postuur was, maar wat die groot genade van die Here ontvang het. Hy het geweet dat Christus by Jerigo sou verbykom en wou hom graag sien. Christus het hom uit die boom waarin hy geklim het geroep omdat Hy by hom moes tuisgaan. Die koms van Christus was juis daarop bestem om sy kinders wat in sonde geval op te soek. Die nagmaal getuig ook dat Hy na ons gekom het om in sonde vervallenheid op te soek.

Die redding van sy kind

Hy het sy kind nie net kom soek nie, maar hy het eindelik vir hom redding gebring. Te midde van die sonde van Saggéüs was hy steeds 'n verbondskind wat die genade van Christus deelagtig word. Die skare rondom Christus kon dit nie verstaan en bedink nie. Vir hulle was dit 'n teleurstelling dat die Messias by 'n sondaar tuisgaan, maar dit was die doel van sy koms. Die redding wat ons Here Jesus vir ons bewerk het vervul ons nou met 'n nuwe vreugde en blydskap

Die ywer in ons diens

Die blydskap waarmee Saggéüs Christus in sy huis ontvang het was nie maar net 'n gevoel wat verby gegaan het nie. Hy het hom verbind tot 'n lewe waarin hy in liefde na sy naaste sal uitreik deur dubbel aan die armes te gee en waar hy in geregtigheid weer herstel gebring het deur dit wat hy afgepers het terug te betaal. Die genade wat Christus aan ons betoon rig ons in 'n nuwe lewe waarin ons dankbaar aan Hom alleen met ywer diensbaar wil wees.

Aanddiens

Sing: Ps. 2:1,4; Ps. 2:6; Ps. 97:1,7.

Lees: Joh. 1:1-14; NGB 10.

Teks: Joh. 1:1; NGB 10.

Tema: Jesus Christus, die Seun van God , is God van ewigheid af.

Die Godheid van Christus van voor die skepping.

Die mens kan nie salig word as hy nie in God Drie-Enig glo nie. Dit is hoe die Here Hom aan ons openbaar en wat Hy van ons eis. Geloof in die Drie Eenheid eis dan dat ons ook in Jesus Christus die Seun van God sal glo. In die lig van dit wat ons moet glo moet ons die Godheid van Jesus Christus bely. Die basis van ons belydenis fokus op die feit dat Christus die Seun van God is van voor die skepping af. Johannes begin ook sy evangelie beskrywing met hierdie heerlike feit. Voordat alles ontstaan het is Hy reeds met eer en heerlikheid bekroon.

Die Godheid van Christus in die skepping.

Die goddelikheid van Christus het nie net betrekking op die ewigheid nie, maar dit vat ook grond in ons daaglikse bestaan. In die Ou Testament het hy verskyn as die Engel van die Here by besondere geleenthede. In die Nuwe Testament Jesus is gebore in die huis van Josef uit die maagd Maria. Hy het saam met sy dissipels geleef. Hy het inderdaad vlees geword en onder ons kom woon . In dit alles het Hy die Seun van God gebly. Hy het geen oomblik sy goddelikheid neergelê nie.

Die Godheid van Christus vir die skepping.

Christus wat in sy skepping mens geword het en in die midde van sy dissipels en mense geleef het, het sy taak as verlosser kom volvoer. Sy verlossingswerk kan ons nie van sy Goddelike aard losmaak nie. Om ons van ons ellende te verlos moes Hy die volle prys van die sonde kon betaal. In ons mensheid is ons verlore en Christus dra vir ons die straf van die sonde, maar in sy Goddelikheid word ons gered en ontvang ons die ewige lewe.